## PANDEMIES

As deel van die groep se bewustheid van gemeenskaprisiko word pandemiese risiko's, onder andere voëlgriep, gemonitor en sal toepaslike stappe geneem word waar nodig.

## DIENSBILLIKHEID

M&I streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Gelyke Indiensneming, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

M&I se bestuur en personeel is deurlopend betrokke by die bepaling van opleidings- en ontwikkelingsbehoeftes, asook by die implementering en monitering van 'n arbeidsplan. Aandag word veral gegee aan dié groepe wat om historiese redes 'n agterstand mag hê.

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming dien M&I jaarliks 'n arbeidsplan by die Departement van Arbeid in.

Vanweë die aard van sy werksaamhede, om onder andere kerndienste aan Remgro te verskaf, word M&I se arbeidsmag deur die volgende gekenmerk:

- 'n Hoë vlak van kundigheid in die topstruktuur van die organisasie en in die onderskeie gespesialiseerde afdelings
- 'n Jongwerknemersprofiel, veral wat bestuur betref
- 'n Lae arbeidsomset wat beperkte geleenthede vir nuwe aanstellings meebring

M&I glo dat die gehalte van sy personeel 'n belangrike, volhoubare, mededingende voordeel is. Daarom glo hy dat sy sukses nie in die eenvormigheid van sy personeel lê nie, maar in die verskeidenheid en die ontwikkeling van hul kollektiewe vaardighede. Daarvoor sal altyd ruimte en geleenthede geskep word.

Menslike hulpbronne-beleid en -prosedures spreek ook die aangeleenthede van nie-diskriminasie, kinderarbeid, dissiplinêre praktyke, menseregte, ens. aan.

## SEB – SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die direksie glo dat SEB op 'n breë grondslag 'n sosiale, politieke en ekonomiese noodsaaklikheid is en ons ondersteun die maatskappy se filiale en geassosieerde maatskappye se inisiatiewe in hierdie verband. Hoewel die ideaal is om persone te ondersteun om hul volle potensiaal te verwesenlik, is besondere fokus nodig op diegene wat weens historiese redes agterstande het. Die doel is om hulle toe te rus om op meriete in die mark te kan meeding. Ons sien uit na die dag wanneer alle Suid-Afrikaners, veral ons kinders, ten volle op 'n nie-rassige en gelyke grondslag aan ons ekonomie kan deelneem.